

22 September - REIN

Skrifgedeelte: Psalm 12
Fokusgedeelte: Psalm 12:7

In hierdie psalm roep die gelowige om hulp. Binne 'n samelewing waarin valsheid en selfvoldaanheid aan die orde van die dag is, het dit vir die gelowige moeilik – selfs onmoontlik – geword. Binne so 'n korrupte samelewing voel 'n mens of jy uitgelewer is aan bedrog en vleitaal (vs 3), valsheid en hardvogtigheid (vs 4). Wat gaan word? Wat is nog reg?

Teenoor hierdie valsheid van die wêreld, waarin niks enige waarde het nie, is ons troos steeds dat die ewige waarheid van God se Woord vas staan. Die Woord van die Here is soos gesuiwerde silwer en dit bevat God se betroubare beloftes van verlossing en beskerming.

Ons vra: Wat gaan word? Die Here sê dat Hy die wag hou oor ons. Glo ons dit? Glo ons dat sy woord rein is en dat daar geen valsheid in is nie?

In Genesis 3 gee die Here sy belofte wat in Christus in vervulling gaan. Wanneer Christus na hierdie wêreld kom, is dit duidelik hoe vals die hele gemeenskap is.

Hierdie valsheid is nie net 'n kenmerk van die gemeenskap nie, maar dit is ook in ons teenwoordig. Die Heilige Gees kom woon in ons sodat ons ook uitvind hoe vals ons is; hoe selfvoldaan en hoe vol van vleitaal. Hy laat 'n nuwe mens in ons gebore word – 'n nuwe mens wat luister na die woorde van die Here wat rein is; 'n nuwe mens wat al sy vertroue in die Here stel.

Sing: Psalm 33:5

Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)